
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 7.




Oloff tel 'n handjievol sand op en voel in die donkerte op die kruitpan rond. Die oggend toe hy hie'n klein kanaaltjie, skaars so dik soos 'n speld verbind. As die kruit in die pan aan die brand gesteek word, versprei die vlam deur hierdie nou gangetjie en laat dit die kruit binne-in die loop ontplof. Oloff weet hoe lastig dit is as daardie gaatjie verstop raak.
Versigtig stamp hy die fyn sandkorrels daarin, totdat hy oortuig voel dat dit minstens 'n halfuur sal duur om dit weer oop te kry.

Stofomslag: Chris du plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 7.



# Hoofstuk 1

Ongeveer vyfhonderd myl oos van Zanzibar, op die ondersese rif wat Madagaskar en die Seychelles ten noorde daarvan verbind, steek 'n rotsmassa uit die see. Loodreg, en op party plekke selfs oorhangend, omsluit steil kranse van versteende graniet 'n oppervlakte van sowet vyf vierkantmyl. Dag in en dag uit sit die dreunende see sy aanslag op hierdie rotsvesting voort. Die kransmure, glad geskuur deur ontelbare branders, is gedurig klam. Hierdie massiewe rotsmassa wat soos 'n plato uit die see verrys, word die Baken—dikwels ook Bakeneiland—genoem.

Dit is selde dat skepe hierlangs verbyvaar, want die bekende handelsroetes na die Ooste loop suid van Madagaskar of noord van die Seychelles. Bowendien is die see hier rond verraderlik, want op etlike plekke is daar versteekte rotspunte 'n paar voet onder die oppervlakte.

Aan die suidekant van die Baken is daar 'n skeur in die kranse. Dit vorm 'n poort waardeur die grootste seilskip met gemak kan vaar tot in 'n baai waar die water op die stormagtige dag spieëlglad en kalm is. Fyn golfies spoel daar op 'n spierwit strand. Waar die sand ophou, begin welige groen plantegroei—en dié vul 'n groot kom met 'n deursnee van meer as 'n myl. Dit is soos 'n oasis wat tussen die rots neergesit is, met hoë kranse daarom om die skoonheid te bewaar. As die lug donker is van die donderwolke en die wind skreeuend oor die koue klip sny, wuif die sierlike palms skaars hul swaar blare in die ligte briesie wat in die verskuilde paradys waai.

Die poort in die kranse is onopsigtelik. Van skuins af lyk dit maar bloot soos 'n rif in die rotsmuur. As iemand nie van die bestaan van hierdie baai weet nie, sal hy dit nooit ontdek tensy hy regoor die ingang verby seil en toevallig in dié rigting kyk nie. Hierdie volmaakte vesting heet Rowersbaai.

In die kalm hawe lê vier kaperbote. Drie is maar kleineriges, maar die vierde het twee rye geskutspoorte aan weerskante en spog altesaam met agt-en-veerig kanonne.

Onder die bome—tot teen die kranse—is 'n menigte hutte, en hier en daar ook groot, vierkantige kleigeboue. Om die hutte is lappe grond skoongemaak en groentetuine aangelê. Agter teen die kranse weerklink die gebulk van beeste en die geblêr van kleinvee.

Hier en daar brand 'n liggie, want dit is reeds 'n uur of wat na sononder. Baie van die geboue is egter in donkerte gehul omdat die inwoners by die vergaderplekke—groot, plat sale met lae rietplafonne—digby die strand bymekaar gekom het. In teenstelling met die frisse koelheid van die aand daarbuite is die lug binne warm en bedompig en troebel van swaar rookdampe wat om die groot olielampe teen die plafon hang. Die luide gelag en geskreeu van die honderde seerowers en hul vrouens weerklink oor die gladde watervlak en slaan teen die granietkranse vas.

Aan die regterkant van die baai, net waar die plantegroei op die rand van die strand begin, staan die grootste van hierdie sale. Dit is deel van 'n gebou waarvan die agterste gedeelte 'n woonhuis is. Weerskante daarvan is 'n hoë paalomheining wat tot teen die kranse loop en byna 'n morg grond insluit. Daarop is groentetuine en 'n paar buitegeboue. Dit is die woning van die kaptein van die groot skip in die hawe, Swart Freek.

In die groot voorsaal, omring deur die kapteins van die ander skepe, die offisiere en 'n skare van laggende, babbelende vrouens wat deur die vertrek versprei is, sit Swart Freek by een van die tafels teen die agterste muur. Sy volle ses voet ses duim van kragtige spiere is in 'n leuningstoel uitgestrek. Sy gelaat is donker en sy hare, oë en woeste baard gitswart.

Voor hom staan 'n leë bierbeker. Sy massiewe hand omklem dit en stamp dit hard op die tafelblad neer.

,,Die Admiraal!'' bulder hy, ,,die Admiraal van Deelenbaai is 'n swaap! Hy is 'n swaap as hy dink dat ek, Swart Freek, 'n enkele duit van my buit in sy koffers sal stort.'' Hy kyk na die kring van gesigte om hom. ,,Sal jy dit doen, Valk?'' verneem hy van een van hulle.

Valkenharm, een van die ander kapteins, skud sy kop. Hy antwoord nie. Hy ken Swart Freek se buie. Sodra hy te veel gedrink het, duld hy geen teenstand nie.

,,Natuurlik nie!'' hervat Swart Freek. ,,Hier is ons vry. Ons sit in 'n rotsvaste vesting waaruit geen vloot ter wêreld ons kan dryf nie. Hiervandaan kan on skepe uitvaar en die vetste prooi op die wye seë voorlê. Agter hierdie massiewe mure kan ons dan weer met ons swaar belaaide skepe kom skuiling vind.'' Hy gluur hulle aan. ,,En geeneen hoef belasting te betaal nie! Hier is 'n tuiste vir elke man wat sy lot aan Swart Freek toevertrou.'' Hy wil hulle





goed laat verstaan watter voorreg hulle geniet. Weer stamp hy met die bierbeker op die tafel. ,,En waar is julle veiliger as hier in rowersbaai—hier by my? Wie is magtiger as Swart Freek?''

'n Paar van die wat binne hoorafstand is, knik sedig. Ander lag asof hulle so 'n moontlikheid heeltemal verwerp. Een van die kapteins mompel iets wat vir Freek nie heeltemal duidelik is nie.

,,Wat sê jy daar?'' vra hy skerp.

,,Niks.'' Die man maak 'n verontskuldigende gebaar. ,,Hoegenaamd niks nie,'' verseker hy Swart Freek.

,,Dit het my geklink of jy iets van Oloff sê.

,,Ek het nie!'' roep die kêrel benoud uit. ,,Maar noudat jy daarvan praat, moet jy tog erken dat daar baie stories van hierdie kaptein Oloff vertel word. Hulle sê dat daar nie nog. . .''

Grombeeck besluit om liewer nie te antwoord nie. Dit is taamlik duidelik dat Swart Freek nie eintlik in iemand anders se mening belangstel nie.

,,Sê my!'' roep Swart Freek uit. ,,Wie van julle het hierdie Oloff al teëgekom.''

Niemand antwoord nie. Hulle skud net kop.

,,Wie van julle het hom al ooit gesien!''

,,Sy prooi soek hy meestal suid van Madagaskar, Freek,'' waag Valkenharm dit om te sê. ,,En jy weet tog self ons hou gewoonlik die handelsroetes nóórd hiervandaan dop.''

,,En dan glo julle die bog wat julle hoor?'' snou Freek hulle toe. ,,Ek sal graag hierdie Oloff-hierdie man wat hulle Oloff die Seerower noem—'n slag wil ontmoet. Ek sal hom gou genoeg op sy plek sit.''

,,Hulle sê! Hulle sê!'' bulder Swart Freek. Sy swart oë blits van die woede wat hierdie gesprek in hom wek. ,,Wag tot een van ons—tot ék hom teëkom! Dan kan ons gesels! Nie oor wat hulle sê nie, maar oor wat ons sê!'' Hy swaai die beker deur die lug asof hy daarmee alle gedagtes aan Oloff voor hom wil wegvee. Hy kyk om hom heen. ,,Jy Rynette!'' roep hy bars uit. ,,Waarom staan en slaap jy daar? Bring nog bier.''

Verskeie mans by Swart Freek se tafel kyk na die meisie met wie hy gepraat het. Daar is nie een van hulle wat nie bewus is van die skoonheid van die meisie wat Swart Freek die vorige week as deel van sy buit hier aangebring het nie.

Rynette du Bois beweeg agter 'n toonbank in en sit 'n paar

bekers op 'n skinkbord. Haar groot donkerbruin oë is sag en die diepe weemoed daarin oorheers haar hele uitdrukking. Sy kyk nie een keer op onderwyl sy die bekers uit 'n vaatjie vol tap nie.

Haar donker hare hang effens oor haar gesig as sy na die skinkbord voor haar afkyk. Dit gooi 'n skadukol oor haar fyn, maar adellike neus en vol lippe. Dit is net om haar mond dat daar 'n trek van verset is—asof sy ten spyte van haar neergeboë houding soos 'n tier sal veg om haar teen enige gewelddaad te verdedig.

,,Maak gou!'' snou Swart Freek haar daar van die anderkant af toe.

Sy tel die skinkbord op en dra dit tot by sy tafel. Die mans neem een vir een 'n beker bier, hulle oë deurentyd op haar gevestig.

Swart Freek swaai sy een been onder die tafel uit. Oor sy skouer skreeu hy op haar. ,,Kom hier! Maak daardie gespe van my skoen los. Dit druk my!''

Sonder 'n woord kniel sy voor hom neer. Daar is 'n vonkeling in sy swart oë as hy op haar geboë hoof neerkyk.

,,Sy sal heel waarskynlik kan dans,'' gee Valkenharm skielik aan die hand.

Rynette du Bois se kop ruk op. Daar is angs op haar gelaat. Kaptein Grombeeck lag.

,,Hoe lyk dit vir my sy skrik?'' roep hy uit. ,,Dit beteken sy kán dans!''

,,Laat haar dans, Freek,'' versoek Valkenharm.

Swart Freek kyk stadig na hulle toe om. Dan lag hy hard.

,,Waarom nie?'' Hy stamp die vol beker bier op die tafel sodat die skuim spat. ,,Dans, Rynette! Julle daar!'' skreeu hy. ,,Skuif 'n paar van die tafels opsy. Ons het 'n danseres in ons midde.

Sy het stadig orent gekom. Die vrees het verdwyn. Met afsku kyk sy na die mans om die tafel voor haar, en dan na die res van die skare. Almal sit gretig vorentoe. Hulle verlustig hulle in haar ongemak.

Valkenharm staan op. Hy tree om die tafel en neem haar aan die arm. Swart Freek kom skielik half orent. Sy swart oë is skerp op hulle gevestig. Maar dan sak hy terug in die stoel.

,,Ons het musiek nodig,'' roep hy hard uit. ,,Maak musiek sodat sy kan dans.''

'n Jong seerower spring op. Die enigste instrument wat hulle kan vind, is 'n ou harp waarvan 'n paar snare makeer. Hiermee kom die





seerower tot op die rand van die ruimte wat vir haar beskikbaar gestel word. Hy trek 'n paar keer met sy vingers oor die snare en die skare skater dit uit. Die instrument is heeltemal vals.

,,Dans!''

Van alle kante word daar op haar geskreeu, maar Rynette roer nie. Sy het haar hande voor haar vasgeklem. Haar kop is vooroorgeboë.

,,Miskien moet sy maar liewer sing,'' doen Swart Freek aan die hand. ,,Sing, Rynette. Speel iets wat sy kan sing. Iets sentimenteels.''

Luide uitroepe en bars gelag beantwoord hierdie voorstel. Die jong vent met die harp begin met 'n deuntjie wat feitlik heeltemal onherkenbaar is.

,,Sing!'' gebied Swart Freek weer. ,,Sing—of. . .'' Hy aarsel.

,,Of wat?'' verneem een.

,,Of ek verkwansel haar sowaar aan Oloff. Sy besef blykbaar nie hoe bevoorreg sy is om hier tussen ons te wees nie.''

Die klomp lag. Grombeeck staan op. Hy stap tot by die meisie.

,,Ek sal haar gou laat sing,'' brom hy. Hy pluk haar aan die arm en ruk haar ru nader. Sy linkerhand gaan omhoog.

,,Krombek!'' bulder Swart Freek. Die woord gaan soos 'n sweepslag deur die saal.

Grombeeck laat sak sy hand. Hy draai hom om.

Swart Freek staan orent agter die tafel. Hy leun effens vooroor, sy kneukels wit op die tafelblad. Hy gluur die man aan.

,,Jy hou jou hande van daardie meisie af. Verstaan jy dit?'' sê hy onheilspellend. ,,Jy raak nie aan haar nie. Geeneen van julle raak aan haar nie!''

,,Maar, Freek,'' werp Grombeeck verslae terug, ,,ons speel mos maar.''

,,Julle speel nie met my eiendom nie! Laat haar nou gaan.'' Hy wuif met sy hand na die deur se kant toe. ,,Gaan!'' gebied hy haar. ,,Gaan na jou kamer toe.''

Ligvoet en dankbaar snel sy oor die vloer. By die deur waarop sy afmik, verskyn 'n reusagtige Nubiër. Hy staan opsy sodat sy kan uitgaan.

,,En die eerste man wat my besittings weer molesteer, sal met Goliat of Kolos te doen kry!'' Onderwyl hy praat, beduie Freek na die Nubiër se kant toe. Die Neger se wit tande glinster soos hy

glimlag. Van die skare wat naaste aan die reuse-vent staan, deins terug. Almal ken Swart Freek se twee lyfwagte. Daar is min van hulle wat nog nie gesien het hoe die een of die ander van hulle iemand met 'n slag van die vuis of die voorarm soos 'n os laat neerslaan nie.

Swart Freek gaan sit. Die Nubiër bly by die deur staan. Hy en sy maat beweeg gedurig soos twee waghonde oor hulle meester se erf rond.

Oombliklik is daar nog 'n ongemaklike stilte om Swart Freek se tafel. Dit is asof die kapteins en die paar offisiere daar by hom nie sy gedrag van so ewe mooi kan begryp nie.

,,Nou maar kom," sê Freek uiteindelik onderwyl hy met sy elmboë op die tafel leun en 'n diep teug van die bier neem. ,,Ons moet gesels oor hoe ons te werk sal gaan om 'n losprys te kry vir die meisie se pa. Volgens wat ek op hulle skip kon agterkom voordat ek dit gesink het, is hy 'n edelman uit die hoogste rakke wat op pad Indië toe was. Dáár is hy glo aangestel as die nuwe goewerneur van die Franse Kolonies."

,,Maar skryf 'n brief Frankryk toe," doen Valkenharm aan die hand.

,,Dit sal maar 'n week of twee duur om dit by Zanzibar op 'n skip na Frankryk te kry."

,,Wie sal gaan?"

,,Valkenharm lê nou al lank stil in Rowerbaai. Dit raak tyd dat hy iets doen."

,,Met graagte. Wie weet, miskien loop ek iets op pad raak!"

,,Dan is dit afgespreek," sê Swart Freek grof. ,,Wie gaan die brief skryf?"

Die groep kyk na mekaar. Nie een van hulle kan skryf nie.

,,Kry iemand," beveel Swart Freek. Sy stem is swaar—hy praat amper sleeptong.

,,Die meisie sal kan skryf. Dit sal nogal 'n goeie grap wees om haar self die brief te laat opstel."

,,Roep haar—of wag." Swart Freek staan stadig op. Hy moet effens aan die tafel vashou om nie om te kantel nie. ,,Ek sal haar self gaan haal. Ek vertrou julle nie."

Slingerend bereik hy die toonbank. Daar neem die Nubiër hom aan die arm en help hom verder. Hulle gaan deur 'n gang. By die agterdeur skud Swart Freek die Neger se hand van hom af. Hy stap





alleen oor die werf tot by een van die buitegeboue. Hy probeer 'n deur oopstamp, maar vind dat dit gesluit is. Hy klop hard.

,,Wie is dit?" verneem Rynette du Bois na 'n oomblik.

,,Dit is ek. Maak oop!"

'n Grendel word teruggeskuif. Die deur swaai oop en sy staan vinnig terug.

,,Wat wil jy hê?"

,,Ek wil nie hê dat jy hierdie deur moet sluit nie. As jy dit weer doen, sal ek die grendel laat afhaal."

,,Mag ek dan geen privaatheid hê nie?"

,,Jy het. . ." Hy aarsel, en voor hy verder kan praat, vra sy onverwags. . ."

,,Waarom het jy my netnou van daardie. . . daardie klomp gered?"

,,Gered?" Hy kyk haar onbegrypend aan. ,,Waarvan het ek jou gered?"

,,Jy het eers saam gepraat, maar ewe skielik het jy my toegelaat om te gaan. Waarom het jy dit gedoen?"

,,Ek . . ." Swart Freek laat sy kop sak. Hy leun swaar teen die kosyn aan. 'n Oomblik is dit asof hy peins oor watter indruk sy woorde by haar sal skep.

,,Toe ek jonk was," sê hy tydsaam en daar is 'n klank in sy stem wat sy glad nie kan plaas nie. ,,Toe ek jonk was," herhaal hy, ,,was ek anders. Ek was getroud. My vrou was fyn en beskaaf. Ons het 'n dogtertjie gehad. Eendag het hulle vir my gesê dat ek 'n ander man doodgemaak het. Miskien het ek; ek kon in elk geval nie onthou nie, want ek het die vorige aand baie gedrink. Hulle wou my ophang, maar ek het ontsnap. Die vrees, die skande, die verdriet het haar haar eie lewe laat neem. En my kind kon ek nooit weer vind nie. Ek het 'n eed geneem dat ek nie sal rus voordat ek wraak geneem het nie—my gewreek het op elke mens wat hom verbeel dat hy 'n goeie en voorbeeldige bestaan binne die wette van die gemeenskap voer, op elkeen wat hom verbeel dat hy die reg het om daardie mensgemaakte wette toe te pas!" Hy leun met sy kop teen die deur aan. Hy swyg.

,,Maar. . . maar dit is nie wat ek gevra het nie," sê sy na 'n rukkie.

,,As ek nie geweet het dat jy die dogter van 'n ander man is nie, kon jy net sowel myne gewees het. Jy het die oë van haar moeder."

Doodse stilte heers. Daar is verwarring in haar blik. Die gevoel van jammerte wat vir hierdie man in haar opwel, word deur vlae van afsku oorskadu.

Dan druk hy hom van die kosyn af weg. Die gevoellose skerpheid is in sy swart oë terug.

,,Maar dit is verby,'' bulder hy meteens. ,,Ons praat nie daaroor nie. Ons verwys nie daarna nie. Ons vergeet dit—vergéét dit! Verstaan jy? Kom!'' Hy gryp haar aan die hand en trek haar by die deur uit. ,,Kom, daar is 'n brief wat jy moet skryf.''

Hy stap met haar na die voorsaal toe. By sy tafel kry sy papier en skryfgereedskap. Die veerpen bewe in haar hand as sy neerskryf wat sy voorgesê word: haar vryheid en dié van haar vader—vir 'n fortuin!





Die derde dag nadat Valkenharm Rowersbaai verlaat het, sien hulle vir die eerste keer 'n seil op die kim. Valkenharm beskou dit lank deur sy verkyker.

,,Wat dink jy?'' verneem hy van sy stuurman.

,,Volgens die bou lyk dit na 'n skip van die Oos-Indiese Kompanjie,'' meen die. ,,Tog wil dit my voorkom asof die romp van die skip swart is.''

,,Swart!'' roep Valkenharm uit. ,,Is die romp swart? Watter vlag dra hulle?''

,,Ek kan nie een sien nie.''

Valkenharm gryp weer die verkyker. Daar is 'n frons op sy voorkop onderwyl hy lank na die skip kyk wat nou sy volle hoogte bo die horison vertoon.

,,Dan is dit kaptein Oloff,'' sê hy gedemp.

,,Oloff die Seerower.''

Die stuurman klink skrikkerig en Valkenharm swaai vererg na hom toe om.

,,Wat maak dit saak as dit Oloff is? Waarom sidder en beef almal as hulle daardie swaap se naam hoor? Hy is tog maar net een van ons. Dit is hoog tyd dat ons hom ontmoet. Ek hoop werklik dat dit wel hy is.''

,,Hy het twee skepe,'' sê die stuurman. Dit is taamlik duidelik dat hy nog steeds hoop dat dit nié Oloff se skip daar voor hulle is nie. Dáár is tog net een.

,,Daar is 'n tweede skip aan bakboord,'' skreeu die wag op daardie oomblik uit die kraaines.

,,Uiteindelik gaan ek kaptein Oloff te sien kry,'' sê Valkenharm tevrede. Hy voel blykbaar heeltemal gerus.

,,Oloff se skepe, die *Seewraak* en die *Jansje Meer* is van die heel vinnigstes, kaptein,'' sê die stuurman waarskuwend onderwyl hy die twee naderende skepe skuins aan hulle linkerkant met 'n mate van spanning dophou.

Kaptein Valkenharm antwoord nie. Sy blik bly gevestig op die voorste skip wat met bollende seile op hulle afpyl. Nou kan hy selfs die skuimrand om die boeg sien. Die skip is meer as twee myl nader aan hulle as sy maat. Hy kan nog nie vasstel of dit die *Seewraak* self is nie.